

RENSKE CHRISTINA FREYSEN (Née MULLER)

25 November 1941 – 10 Augustus 2017

Die [Freysen-Stamboom](#) soos wat ons dit tans het, sou nie kon realiseer sonder Rina Freysen se navorsingsbydrae nie. In die onderstaande lewensskets wat Naomi oor haar ma geskryf het, noem sy dat haar ma voor 1988 reeds met die navorsing begin het.

Op 20 Januarie 1986 het ek inligting waaroor ek beskik het, vir haar gestuur – toe reeds was sy besig om familieledede te probeer opspoor en inligting in te win.

Op 2 Junie 1989 skryf mev CP van der Walt van die Afdeling vir Biografiese en Genealogiese Navorsing (RGN) in antwoord op Rina se brief, dat die “SA geslagregisters deel 2 is klaar geset en gereed om na die drukkers te gaan... (derhalwe kan daar – JBF) nie meer enige veranderinge aangebring of inligting bygevoeg (word – JBF) nie.” Ons kan aanvaar dat Rina in haar navorsing op inligting afgekome het wat in die vorige weergawe ontbreek het, of verkeerd was, en dit wou regstel. Uit die betrokke brief van mev Van der Walt, blyk dit dat dr Heese se “...gesondheid so versleg het dat hy in ’n tehuis vir verswakke bejaardes opgeneem is.” Die publikasie wat dus in 1989 verskyn het¹, was die laaste weergawe en is nooit opgedateer nie.

Uit haar briefie van Junie 2003 blyk dit dat die navorsing nie altyd maklik was nie, aangesien sy dikwels geen antwoord op haar navrae ontvang het nie. Met hulle trek na die Rosestad Bejaarde Sentrum in Bloemfontein, was dit ook vir haar feitlik onmoontlik om toegang tot die naslaanbronne in die Kaap te verkry. Op ’n baie persoonlike noot meld sy ook in die briefie: “Met dié dat die geheue ook nie meer so lekker wil saam werk nie, is dit beter dat ek maar alles wat ek bymekaar het aan jul besorg, wat my so voorsien en bygestaan het in die saak.” Piet Freysen het toe dié inligting aan my deurgestuur om die databasis op te dateer. In my briefie aan Rina, gedateer 24 Junie 2003, het ek reeds die visie met haar gedeel om die inligting op die internet beskikbaar te stel sodat dit wêreldwyd beskikbaar sal wees en die groot werk wat sy van stapel gestuur het, selfs groter impak kan verkry.

Ek het versoek dat sy vir my so ’n stukkie sal skryf oor: “Wanneer het u met u navorsing begin? Wat was die motivering? Voor watter probleme het u te stane gekom? Watter interessantheite het u op afgekome? Hoe lank was u besig met die navorsing? Wat hoop u sal daarmee gebeur? En natuurlik enige ander saak waaraan u kan dink! Ek sou dit wou inwerk as deel van erkenning aan u vir al u insette.”

Op 1 Februarie 2005 stuur Rina haar navorsing aan my op ’n honderd handgeskrewe bladsye! Sedertdien het ons kontak met Rina verloor. Toe ons aan die begin van die jaar ’n ernstige poging aanwend om haar in die hande te kry, moes ons van Naomi (haar dogter) verneem dat sy reeds in 2017 oorlede is.

Aangesien Rina nooit op die vrae geantwoord het nie, het ek vir Naomi gevra om vir ons ’n kort lewensskets van haar ma te skryf.

Ons as Freysens is baie dank aan Rina verskuldig vir haar gróóte nalatenskap!

Johan Freysen
28 Oktober 2021

¹ Heese, J.A. en Lombard, R.T.J. (1989). Suid-Afrikaanse geslagregisters, Deel 2 (D-G). Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Pretoria. Bladsye 371-373.

My ma, noemnaam Rina², is gebore op 25 November 1941 as oudste van vyf kinders van Johan George Muller (17 Januarie 1915 – 26 November 1997) en Maria Elizabeth Muller (Née Botes, 5 Maart 1921 – 5 November 2008). My oupa en ouma is op 7 Januarie 1941 op Rawsonville getroud, waar my ma ook gebore en gedoop is.

In 1949 trek die gesin na die plaas Uitspansfontein in Beaufort-Wes distrik, waar my oupa vir baie jare vir Ralph Koster gewerk het. My ma het die plaaslewe baie geniet en altyd gesê dat sy 'n Karooskind is. Sy het in Beaufort-Wes tot en met standerd 8 skoolgegaan en baie stories vertel van die lewe in die koshuis. Sy het haar altyd ontferm oor die kleiner kindertjies en saans 'skelm' vir hulle stories gelees na ligte uit. Syself was baie lief vir lees en het dikwels vir ons die stories vertel van boeke wat sy gelees het, veral Ena Murry. Nie een van ons drie kinders was lief vir skottelgoed was nie, maar sy het dit vir ons lekker gemaak en juis skottelgoedwastyd die stories vertel. Sy was baie slim om nie die hele storie te vertel nie, maar as ons later weer skottelgoed was, het sy met die storie voortgegaan.

Na skool het my ma by JD Croft prokureurs gewerk. Later het sy 'n beter pos by die Merino Koöperasie bekom en in Sarie Delpont se losieshuis gaan bly. My pa het 'n paar huise verder in Brandstraat gebly en dit is waar die twee mekaar ontmoet het. Hulle is op 9 Januarie 1960 in Beaufort-Wes se Moederkerk getroud. My ouma, wat pragtige naaldwerk kon doen, het my ma se trourok gemaak. My ma self, het ook baie mooi klere gemaak. Sy het al ons klere gemaak toe ons jonk was.

Kort na die troue is my pa, wat 'n treindrywer was, na Volksrust verplaas. My broer Tom [B4C6D8E1F1] is op 25 Januarie 1961 daar gebore, maar is in Beaufort-Wes gedoop.

In 1962 verhuis my ouers en my broer na Bellville (Vasco), waar my ouers 'n huis laat bou het. Ek en my suster is daar gebore. Dis in daardie huis wat my ma so lekker stories vertel het! In Desember 1979 verhuis ons na Swellendam; my pa het op daardie stadium nie meer by die spoorweg gewerk nie. In Swellendam was my ma en pa kosters by die historiese NGK in Swellendam. In Desember 1980 verhuis ons na Laingsburg, waar my pa 'n goeie betrekking gekry het. My ouma en oupa Muller het ook daar gewoon. Ons was ses weke daar woonagtig toe die vloed op 25 Januarie 1981 ons verplig het om na die naaste dorp met 'n hoërskool, Prins-Albert, te trek. Ek was op daardie stadium in standerd 8 en moes nog skool klaarmaak. In 1984 verlaat ek en my suster, Maleza, die huis om in Kaapstad te gaan werk. Sy het by Volkskas gaan werk, en ek by 'n ingenieursfirma as tekenaar. My ouers verhuis weer terug na Swellendam in 1985 en in Junie 1988 verhuis hul na Groenvallei in Brackenfell. In hierdie tydperk het my ma baie tyd bestee aan die Freysen navorsing alhoewel sy al heelwat vroeër daarmee begin het.

Vroeg in 1993 verhuis my ouers na Fleurdal in Bloemfontein, aangesien ek en my man daar gewoon het (die eerste kleinkind was al gebore). In 1995 verhuis hul na Rosestad aftreeoord. My ma het altyd gesê daardie huisie het die Here op hul pad geplaas, hul was albei baie gelukkig daar.

Die Alzheimer het van 2005 af so stadig maar seker sy kloue begin inslaan in my ma..... In Mei 2015 het ek en my man hul goedjies gaan pak en hul hier na Victoria-Wes se ouetehuis (Huis Frieda Kempen) gebring. Ek is baie dankbaar dat ek die laaste twee jaar en drie maande my ma naby ons kon hê, al bly ons op die plaas.

² In 'n briefie noem Rina dat waar daar te veel Rina's op skool was, het hulle haar op haar doopnaam genoem.

Die Karookind is toe op 10 Augustus 2017 oorlede in die Karoo. My pa is twee jaar en twee maande (14 Oktober 2019) na my ma oorlede, hy het haar ontsettend gemis.



V.l.n.r.: Adriaan Visser, Carel Johannes Freysen [B4C6D8E1], Renske Christina "Rina" Freysen (Née Muller) en Margo Visser (Adriaan en Margo is Maleza se kinders)

Naomi Ras (Née Freysen)
11 Maart 2021